# Die rondreisende prediker as profeet in die vroeg-Christelike Kerk: 'n eksegeties-openbaringshistoriese studie (I)

*Dr. J. L. Venter.*

## 1. PROBLEEMSTELLING EN DOELWIT

Die rondreisende prediker in sy groot tent is 'n bekende gesig in die S.A. samelewing. Enersyds wek hy die massas se belangstelling en word hy gesagvol aanvaar, maar andersyds is daar by baie gelowiges groot twyfel oor die egtheid van sy prediking en wondergenesings.

Na die onthullende ondersoek in 1984/5 in die openbare pers (Lückhoff, 1984a; 1984b; Stumpf, 1985) oor sogenaamde wanpraktyke by sommige eksponente van hierdie bedieningspraktyk, het die vraag ontstaan hoe hierdie tentpredikers se egtheid en gesag getoets kan word, en wie daarvoor verantwoordelik moet wees.

Aangesien hierdie reisende predikers as randfigure op die terrein van die Kerk beweeg, en hulle ook voordoen as geroepe boodskappers van God, moet hulle aan die hand van die Skrif getoets en geweeg word.

Hy beskou homself as 'n verlengstuk van die oorspronklike reisende prediker van die vroeë kerk. Om hierdie rede sal 'n grondige studie gemaak moet word van die profete van God se posisie en gesag in hul onderskeie samelewings, soos wat hulle deur die openbaringshistoriese lyn van die Ou Testament, Nuwe Testament en vestiging van die vroeë kerk geopenbaar en gedefinieer is. So sal daar toetskriteria neergelê kan word ter toetsing van die reisende predikers in die S.A. samelewing.

## 2. VROEËRE NAVORSING OOR DIE ROL EN POSISIE VAN DIE PROFEET

Tot so onlangs as twee dekades gelede was navorsing oor hierdie onderwerp nog beperk tot enkele standaardwerke (Bonwetsch, 1884; Selwyn, 1900). Die profesie en ander aanverwante temas het die afgelope 20 jaar weer opnuut aandag van navorsers getrek as gevolg van nuwe belangstelling uit twee totaal verskillende rigtings.

1. Die histories-kritiese arbeid aan die vorm en tipe van die oer-Christelike kerugma het die rol van die profeet en sy aandeel daaraan aangeraak.

2. Die Charismatiese oplewing in die tradisionele kerke wat die oorspronklike geestelike potensiaal van lidmate weer wil laat herleef. Hier kry die profeet se geestelike vaardighede opnuut die aandag.

2.1 Die histories-kritiese navorsing het hulle besig gehou met die woorde van die profete en kon sodoende moeilik gevolgtrekkinge maak oor die identiteit en rolvertolking van die profeet as figuur in sy spesifieke samelewing. Dit is begryplik dat dit ook nie hierdie metode van Skrifhantering se doelwit was nie. Die Formgeschichtliche arbeid wat met die vorm van die Nuwe-Testamentiese teks alleen besig bly, gee geen feite weer oor tussenmenslike gedrag nie (Blenkinsopp, 1984 : 39; Williams, 1979 : 277). Hierdie navorsing laat baie min inligting oor historiese feite na (vgl. Brueggeman, 1983 : 130).

Die Redaktionsgeschichtliche navorsing het ook nie die sosiale dimensies van die teks en die tydhistoriese agtergrond ten volle beredeneer nie, want die navorsing was besig met die individuele bydrae van die finale redaktors van die eindteks. Met hierdie metodes wat ontwerp is om God se Woord en mensewoorde uitmekaar te rafel, is die deur vir subjektiwisme oopgemaak (Maier, 1979 : 69) en kan die Skrif gevolglik nie meer onbevange vanuit sy eie tydsomstandighede spreek nie.

2.2 Die Strukturalisme van die sewentigerjare kon as gevolg van sy eie toespitsing nie die historiese samehang en eksterne omstandighede waarbinne die teks gevorm is, omskryf en toelig nie. Waar dit in die strukturalisme handel oor literêre reëls en verskynsels, bly feite oor historiese agtergrond, beweegredes, impulse en reaksiepatrone van religieuse verskynsels en figure uiters skraal.

Dit is duidelik dat hierdie vroeëre metodes nie die nodige vaardighede aan die navorser sal kan gee om die profeet se ontwikkelingslyn en posisionele rol in die openbaringsgeskiedenis te definieer nie. Dit sou naïef en onwetenskaplik wees om Bybelse gegewens, reaksiepatrone en verskynsels uit daardie vroeëre Christelike samelewings, sondermeer oor te plaas en soortgelyke religieuse verskynsels, en figure soos die reisende prediker in 'n moderne samelewing, se egtheid volgens daardie vroeë maatstawwe te toets. Daar sal eers 'n faktor gevind moet word wat oor eeue, kulture en Christelike gemeenskappe konstant gebly het, en dit sal as vertrekpunt gebruik moet word om objektiewe toetsing te doen.

2.3 Antropologiese navorsing het egter die afgelope twee dekades bygedra tot die uitbouing en sistematisering van gegewens wat vir die evaluering van die reisende profeet se posisie in verskillende samelewings, baie belangrik is.

Die wins van die antropologiese navorsing is dat die werking van 'n profetiese proses in 'n gemeenskap, waar en wanneer ookal, duidelik en op 'n sistematiese wyse met sekere konstantes omskryf kan word.

Buss (1980, 1981) het aangetoon dat 'n profeet 'n vanselfsprekende gesagsposisie in elke samelewing beklee. Long (1981, 1982) het aangetoon dat die rol en posisie van die profete-figuur nie alleen deur religieuse faktore van sy samelewing beïnvloed word nie, maar ook deur ekonomies-politiese dimensies. Theissen (1975, 1977, 1978, 1979) het soortgelyke bevindinge op Nuwe Testamentiese vlak ver-

der uitgewerk en sien dat sosiale krisisse en konflik in 'n gemeenskap ook belangrike mede-bepalende faktore in 'n profetiese proses is.

Die belangrikste navorsing op die gebied is egter gedoen deur Overholt op die Ou Testament (1977, 1979, 1981, 1982). Hy toon aan dat navorsing in die verlede net toegespits was op die eenrigting verkeer, nl. dat die profete hul boodskap moet deurgee aan hul hoorders. Al die klem het op die teologiese plek in die openbaring en op die betekenis en inhoud van hul prediking geval (vgl. Westerman 1968; Baltzer 1968; Gouws 1980). Gevolglik is die rol van die profeet self in sy gemeenskap, en sy gehoor as tweede en derde komponente in die profetiese proses in 'n gemeenskap nog altyd verbygekyk. Dit het al hoe duideliker geword dat die hoorders se reaksie 'n belangrike rol vertolk in die dinamiek van 'n profetiese proses.

Overholt ontwerp 'n model ter illustrasie van 'n profetiese proses waarin 'n profeet in 'n gemeenskap met 'n boodskap optree. Volgens hom bestaan enige profetiese proses in enige gemeenskap te eniger tyd in enige kulturele samelewing waar 'n profeet 'n boodskap aan hoorders bring, uit drie konstante komponente:

1. Die bonatuurlike wat 'n boodskap het.
2. Die profeet wat die boodskap lewer.
3. Die hoorders wat die boodskap ontvang.

Hierdie drie komponente, en die interaksies wat daar tussen die drie bestaan vorm 'n profetiese proses. Dit is juis hierdie interafhanklike verhouding tussen die drie wat 'n belangrike invloed uitoefen op die konsep van die profeet se funksie, rol en gesag in 'n spesifieke gemeenskap.

Die profeet se ervaring en besef van roeping is privaat, 'n onoordraagbare ervaring en histories onkontroleerbaar. Die hoorders reageer op 'n profeet se boodskap deur dit te aanvaar of dit af te wys. Hierdie reaksie is 'n duidelike publieke en eksistensiële beoordeling van die profeet se roeping in die eerste plek, maar dit is terselfdertyd 'n bepaling van sy uiteindelike gesag en posisie in daardie spesifieke gemeenskap.

Die hoorders se reaksie word bepaal deur hulle verwagtinge van die bonatuurlike en dit dra hulle oor op die profeet as hul verwagtinge van hom en as hul siening van sy funksie in hul gemeenskap. Die norme waarvolgens 'n gemeenskap 'n sogenaamde profeet toets, is die volgende:


1. Sy boodskap moet kontinuering wees van die gemeenskap se sosio-religieuse tradisies.

2. Sy boodskap moet relevant wees met die huidige sosiopolitieke situasie (Overholt, 1977 : 132).

Hierdie rolvertolkers as komponente in die profetiese proses kan van gemeenskap tot gemeenskap verskil, maar die interaksies tussen die drie volg te alle tye presies dieselfde lyn van optrede.

Die skrywer gebruik dan hierdie model as 'n algemeen geldende model om die kloof tussen verskillende kulture met objektiwiteit te oorbrug.

Hierdie model van 'n profetiese proses kan aan die hand van die volgende diagram geïllustreer word.




*Die interaksie 1 —> 2 —> 1*

<—— $0^1$ ——
Die profeet word geroep en ontvang 'n openbaring van God (vgl. Jer 1 : 4—10; 13 : 1—11).

. . . . t . . . .
Die boodskap wat die profeet ontvang, is nie sy eie nie. Sommiges maak om een of ander rede 'n terugvoering om volle duidelikheid te kry voordat hulle optree (vgl. Jeremia, wat by God beswaar maak dat hy nog te jonk is — 1 : 6; 12 : 4).

<—— $0^2$ ——
God reageer gesagvol en roep die profeet weer met 'n duidelike opdrag (vgl. Jer 1 : 7—10).

*Die interaksie 2 —> 3 —> 2*

—— $b^1$ ——>
Die profeet bring sy boodskap gesagvol oor aan sy hoorders.

<. . . . t . . . .
Die hoorders oordeel of die boodskap:

(1) ooreenstem met en 'n kontinuering is van hul sosio-kulturele tradisies;

(2) relevant is met hul huidige sosio-politieke situasie. As dit nie die geval is nie, reageer hulle met verwerping (vgl. Jer 20 : 7—8;

26 : 7—9; 37 : 13—14; 38 : 1—4). Daar was ook positiewe terugvoering (Jer 26 : 16—19, 24; 36 : 13—19; 39 : 11—14; 40 : 1—6).

—.— $b^2$ —.—>
Die reaksie van die hoorders kan die profeet nie koud laat nie, en hy moet sy boodskap heroorweeg. Hy verander dit en gee die boodskap gewysig weer deur, of gee dit onverskrokke weer net so deur aan sy hoorders as die oorspronklike boodskap. In Jer 28 : 11—16 was Jeremia tydelik daartoe verplig om sy boodskap te heroorweeg. Hy het soms as gevolg hiervan aan sy roeping getwyfel (15 : 18; 20 : 7). Die algemene strekking van sy boek dui egter daarop dat hy nie sy boodskap na 'n valse "vredesboodskap" verander het nie.

*Die interaksie 3 —> 1 —> 3*

<—— V ——>
Die hoorders het sekere konstante verwagtinge van die bonatuurlike. Hy sal hulle nie benadeel nie. Hulle sien hulself in 'n sekere bevoorregte posisie voor God (Jer 5 : 12; 23 : 17).
Die profeet se posisie en gesag word in die eerste plek deur die interaksie tussen 1—> 2 —> 1 bepaal. Die profeet se gesag is egter ook afhanklik van die uitslag van die interaksie 2 —> 3 —> 2. Al is hy deur God gesagvol gestuur maar die hoorders verwerp hom, het hy in hulle oë geen status in hul gemeenskap nie.

## 3. OPSET

Met hierdie model poog skrywer dan vervolgens met Skrifgegewens om die profeet self aan die lig te laat kom, soos God in die gang van sy openbaring aan sy volk, in Ou en Nuwe Testament, hierdie figuur gebruik en uiteindelik definieer. 'n Goeie begrip van die Nuwe-Testamentiese profeet is gebaseer op 'n goeie begrip van die Ou-Testamentiese profeet. Daarom begin ons by die Ou-Testamentiese profeet. Vervolgens word gekyk na die volgende profete se posisie in hul samelewing: Johannes die Doper, Jesus, sy dissipels voor en na Pinkster, die profeet in die gemeentes soos deur Paulus beskryf, ná apostoliese getuienis van profete in die Didachè, Herder van Hermas en die uiteindelike toepassing op reisende predikers in die S.A. samelewing.

## 4. UITEENSETTING

Die nodige Skrifgegewens is telkens versamel ten opsigte van die profeet:

1. Roeping en opdrag.
2. God se boodskap aan sy profeet.
3. Sy prediking en optrede (wondergenesings).
4. As reisende profete.
5. Die verwagtinge van die hoorders.
6. Hul reaksie (aanvaarding of afwysing van die boodskap).

7. Regstelling van die profeet op sy boodskap indien nodig.
8. Evaluering van sy uiteindelike posisie in die gemeenskap.

## 5. DIE REISENDE PREDIKER AS PROFEET IN DIE OU EN NUWE TESTAMENT

In die Ou-Testamentiese bedeling beskik God se volk nog nie oor objektief Bybels-gefundeerde duidelikheid oor wie 'n ware en wie 'n valse profeet is nie. Hulle beskik net oor selfgeformuleerde verwagtinge van 'n profeet. Gevolglik het dit gebeur dat 'n Skrifprofeet, soos Jeremia, se boodskap nie aanvaar word nie. Die oordeelsprediking pas nie vir die volk in by die verwagtinge wat hulle van God koester nie. 'n Profeet moet aan hulle die genade van die Verbondsgod preek, anders word hy verwerp (vgl Jer 7 : 13, 24, 26; 26 : 8 v.). Later het dit uit God se openbaringsgeskiedenis geblyk dat Jeremia wel 'n ware profeet van God was.

In die Nuwe-Testamentiese bedeling tree die reisende prediker as profeet met strenger onverbiddelikheid op teen sy hoorders, indien hulle valse verwagtinge van hom en sy boodskap koester. In hierdie tydvak is dit opmerklik dat die ware profeet hom nie laat beïnvloed deur die hoorders nie, en dat hy 'n regstelling maak op hul valse verwagtinge. Hierdie regstellingsaksie word 'n pertinente waarmerk van 'n ware profeet in die vroeë Nuwe-Testamentiese profetiese proses (vgl. die interaksie 2 —> 3 —> 2 op die diagram by pt 2.3).

## 6. VOORBEELDE VAN REISENDE PROFETE

6.1 Die volk sien in *Johannes die Doper* die vervulling van hul Elia-verwagting, en wel volgens die Mal 3 : 1—3 en 4 : 5, 6 tradisie. Johannes sou dan volgens hulle verwagtinge 'n profeet met versoenende krag word. Maar die volk verwag groter eskatologies-sotereologiese optrede en kragte van hom as waartoe hy werklik bestem is. Om hierdie rede maak Johannes die Doper as 'n ware profeet die nodige regstelling met Matt 3 : 1—17. Hy toon dat sy ware posisie alleen uit Jes 40 afgelei kan word. Hy is net 'n stem roepende in die woestyn, die herout, niks meer nie.

Jesus bevestig ook hierdie regstelling deur Johannes met Matt 11 : 7—9; 11—15; 16—19, 50; Matt 21 : 23—27. Jesus as Seun van God, toon daarmee gesagvol 'n finale toetskriterium aan vir die ware identiteit en verklaring van Johannes.

Johannes die Doper kan alleen volgens die Jes 40 tradisie, as herout verstaan word. Die volk se verwagtinge van hom was vals.

Hierdie regstelling (gerugsteun deur Jesus) was vir die Jode ondermyning van hul religieuse tradisies en volks-nasionalistiese verwagtinge. Hulle steur hulle nie aan Johannes of Jesus se regstelling nie, en nog 'n ware profeet word verwerp omdat hy nie aan sy hoorders se maatstawwe kon voldoen nie. Hulle laat nie toe dat hulle verwagtinge aan die Skrifopenbaring getoets word nie.

6.2 *Jesus* maak 'n regstelling op sy hoorders se valse politieke en Messiaanse verwagtinge deur sy eie identiteit te verklaar volgens die wil van die Vader en met die Ou-Testamentiese Skrifopenba-

ring as inhoud. Daarvolgens is Hy die lydenskneg en word Hy die volk se Messias via die Seun van-die-mens-lydensweg. Hierdie weg voldoen nie aan die volk of die volksleiers se verwagtinge nie, en Hy word verwerp.
Tydens die vestiging van die vroeë kerk ná Pinkster was die wondergenesings die belangrikste verwagtinge van die Joodse sowel as die Hellenistiese Christendom. Jesus Christus se kruisdood as inhoud van sy reisende predikers se prediking, was vir hul hoorders onaanvaarbaar. Die kerugmatiese prediking en navolging van Jesus op 'n lydensweg, as inhoud van hul didaskaliese prediking, was vir die hoorders onaanvaarbaar.

6.3 Die *apostels* wat as reisende profete die evangelie uitgedra het, het telkens 'n regstelling gemaak. Hulle roep hul hoorders op tot bekering en navolging van Jesus op 'n lydensweg. Hul hoorders moet gehoorsaam wees aan die wil van die Vader en hul prediking weeg aan die Skrifte. Die hoorders mag nie hul verwagtinge stel op liggaamlike genesings nie. Maar hulle moet aanvaar dat Jesus Christus se profete niks anders as 'n Messias volgens 'n lydensweg kan verkondig nie. Dit bepaal dan ook sy navolgers se weg. Só alleen is die reisende predikers as profete van God gehoorsaam aan die wil van die Vader. As die hoorders dit nie wil aanvaar nie, moet hulle dan maar die ware profeet verwerp. Hy sal sy ware boodskap nie wysig nie.
Die Nuwe-Testamentiese profeet se funksie in die gemeentes is en bly die opbouende en bemoedigende prediking, aktueel toegespits in elke gemeente se eie omstandighede om die wil van die Vader te soek, en nie om in die eerste plek fisiese genesing te bewerkstellig soos die Joodse en Hellenistiese Christendom dit verwag het nie.
*Die profeet se boodskap, gefundeer op die Ou-Testamentiese Godsopenbaring plus Jesus Christus se woorde as Godsopenbaring, is na Pinkster, vir die profeet die waarborg van egtheid. Só weet hy dat sy boodskap gerig is volgens die wil van die Vader.*

6.7 *Klemverskuiwing van die reisende profeet na die gemeente*
Tot en met Pinkster het Jesus se woorde van Matt 10 : 16 die reisende prediker as 'n kwesbare en bedreigde figuur aangedui: *"Kyk, Ek stuur julle soos skape onder die wolwe in . . ."*
Maar met die uitstorting van die Heilige Gees en sy krag in hul binneste is die reisende profete (apostels) na Pinkster toegerus om hul boodskap onvervals oor te dra. Dit verleen terselfdertyd aan die ander kant aan valse profete ook 'n sekere mandaat om hulle op die Gees te beroep.
Hierdie feit bring 'n wysiging in die profeet se posisie.
Paulus se briewe word gerig aan gemeentes wat reeds as geloofsgemeenskappe funksioneer. Om hierdie rede word die posisie van die reisende profeet vanuit die hoek van die gemeente beskou en geevalueer. Van die hoek van die gemeente gesien kom Jesus se woorde van Matt 7 : 15 voortaan ter sprake: *"Maar pas-op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is."*

In die Nuwe-Testamentiese briewe val die klem nie meer op die reisende profeet se boodskap en daarvolgens die bepaling van sy posisie in die gemeenskap nie, maar die klem val op die gemeente se verantwoordelikheid in die profetiese proses, naamlik om die reisende profeet te toets.

Die reisende profeet verander van 'n bedreigde figuur voor Pinkster na 'n dreigende gevaar ná Pinkster.

6.8 *Reisende profete en gemeentelike profete*

Volgens 1 Kor 12—14 is dit duidelik dat reisende profete nog steeds gevestigde gemeentes besoek het. Hierdie besoeke het 'n wesenlike invloed op die gemeentes gehad. Daar het egter ook 'n ander tipe profeet in die gevestigde gemeente na vore gekom. Met die uitstorting van die Heilige Gees is die moontlikheid geskep dat die besondere gawe van profesie aan verskeie lidmate in die gemeente geskenk is. Hierdie lidmate moes voortaan die rol en funksie van 'n profeet binne die plaaslike gemeente waar hulle gewoon het, vervul. Hulle moes ook die reisende profete wat in die gemeente besoek aflê, toets (1 Kor 12 : 28; 1 Kor 14 : 29, 37).

Paulus waarsku die gemeente dat dit inderdaad kan gebeur dat 'n reisende, of 'n gemeentelike profeet, 'n ander Jesus aan hulle verkondig. Hy weet dat die gemeente van Korinte dit net so sal aanvaar en duld, terwyl dit selfs valse woorde kan wees. Paulus was bewus van die dwaling wat valse verwagtinge by die hoorders kan bring. Die moontlikheid bestaan dat die geestelikes van Korinte ekstase, en veral linguïstiese ekstase, as 'n merkteken van 'n ware profeet en profesie kon aanvaar.

Hierdie misleiding is die gemeente se eie skuld omdat hulle die boodskap van 'n profeet nog nooit aan die hand van die Skrifte getoets het nie.

Die profete in die gemeente het die gawe van die profesie, en sommige die onderskeiding van die geeste ontvang, om onmiddellik tydens 'n optrede die regstelling op 'n boodskap te maak indien nodig.

Die profete hoef nie meer soos vroeër in die openbaringsgeskiedenis te wag op die reaksie van die hoorders voordat daar 'n regstelling gemaak word nie. Dit geskied onmiddellik. Die gemeentelike profete moet die boodskap toets, evalueer en die herkoms (of dit van die Gees is) bepaal. Paulus sê nie duidelik wat die kriterium moet wees waarvolgens daar getoets moet word nie. Hy sê wel in Rom 12 : 6 waar hy ook na die gawe van die profesie verwys, dat dit moet geskied in ooreenstemming met die geloof. Dit beteken nie na die maat van die geloof van die profeet self nie. Die profeet wat die profesie toets moet dit toets aan die hand van die objektiewe geloofswaarhede en soos dit deur die tradisionele prediking van die reisende profete oorgelewer is. Dit is die Christelike leer met Jesus Christus die Verlosser as kerninhoud.

Die profeet se boodskap mag nie by hierdie openbaringsfeite verbygaan en nuwe openbaring bring asof dit vir die gemeente geld nie. Die Gees van Christus bring niks nuut, iets meer, of iets anders as Jesus se verlossende werke nie. Inhoudelik moet die profesie

nog altyd duidelik en ondubbelsinnig geïdentifiseer kan word met proklamasie van die evangelie in plaaslike omstandighede.

6.9 In die gemeente van *Efese* word daar met eer na die reisende profete verwys (Ef 2 : 20; 3 : 5; 4 : 11). Die feit dat hulle werksaamhede van fundamentele aard was, dui volgens die Efesiërbrief op 'n verbygaande periode in die geskiedenis van Jesus Christus se kerk. Die reisende prediker as profeet is nie meer 'n wesenlike faktor in die gemeenskapslewe van Efese nie. Paulus vermaan die gemeentes om hul toetsende verantwoordelikhede na te kom, selfs al word die reisende profete van die staanspoor gewantrou (1 Tess 2 : 2—6; 5 : 20). Petrus vermaan die gemeentes in Klein-Asië om die profete te toets en die roeping nie te verontagsaam nie (1 Pet 1 : 19—21; 2 Pet 2 : 1—3).

*In die Nuwe-Testamentiese gemeentes rus die verantwoordelikheid dus op die gemeente om reisende profete aan die hand van die Skrif te toets en die nodige regstelling op sy boodskap te maak. Dit is vanselfsprekend dat hulle dit alleen kan doen as hulle verwagtinge gevorm is deur die Skrifopenbaring en nie deur subjektiewe selfontwerpte verwagtinge van 'n profeet nie.*

6.10 *Die Didachè en die Herder van Hermas oor reisende profete*

In hoofstuk 11 van Die Didachè (Loeb, 1912) word 'n hipotetiese voorbeeld van 'n gemeente iewers in Sirië se veronderstelde optrede teenoor reisende profete in hulle midde beskrywe. Die Didachè beklemtoon die toetsingsverantwoordelikheid van die gemeente. Hier word die roepingsaanspraak van die profeet aanvaar, maar die gemeente besef ook dat dit 'n ander gees mag wees wat die reisende profeet dryf.

*"Nie elkeen wat in die Gees spreek is 'n profeet nie, behalwe as hy die lewenswyse van die Here het . . ."* (11 : 8).

In die eerste plek word 'n reisende profeet se boodskap getoets.

*"Wie dan ook al kom en julle hierdie bogenoemde dinge sou leer, hom moet julle ontvang"* (11 : 1). Hierdie "bogenoemde dinge" sluit nou by Matt 6 : 33 en 5 :20. Dit is duidelik dat 'n reisende profeet se boodskap nie kritiekloos en sonder toetsing aanvaar is nie. Die een wat hierdie toets slaag, ontvang 'n eerbare en gesagvolle posisie in die gemeente.

*"Sodra hy by julle aankom, moet elke apostel soos die Here ontvang word"* (11 : 4).

In par 11. 1 — 11. 6 word die profeet ten opsigte van sy verlossingsleer, verblyf, vergoeding en algemene optrede getoets.

Die skrywer van Die Didachè lê egter 'n onverwagse beperking op die gemeente se toetsingsmag.

*"En julle moet geen profeet wat in die Gees spreek, toets en ondersoek nie. Want elke sonde sal vergewe word, maar hierdie sonde sal nie vergewe word nie"* (11.7).

Dit is 'n duidelike verwysing na Matt 12 : 32. As gevolg van verskillende profete se optrede in die gemeente, kan daar 'n ryk variasie van optrede wees wat nog deur die gemeente as "in die Gees" beskou kon word. Uiteindelik weet niemand meer waar om die

streep te trek nie, en 'n onsekerheid word in die gemeente ingedra dat elke reisende profeet daarop kan aanspraak maak dat hy "in die Gees" spreek, al praat hy dinge wat nie meer met die inhoud van die evangelie ooreenkom nie.

Hierdie gemeente kon gevolglik nie hulle roeping om 'n regstelling te maak op die profeet se boodskap, indien nodig, volledig nakom nie. Hulle bots teen die gedagte dat hulle teen die "Gees" kan ingaan! Gevolglik het daar 'n vrees vir die toetsing ontstaan en as 'n reisende profeet homself met sy boodskap binne twee dae eg bewys het, het hulle sy verdere boodskappe ook maar gelate aanvaar. Om hierdie rede gryp die gemeente na meer prakties-moralistiese norme wat die uiterlike optrede van die profeet sal toets en laat die teologies-evangelies-gefundeerde toetsing vaar. Die Christusbelydenis wat in die Nuwe-Testamentiese briewe nog die sentrale beklemtoning van die profetiese optrede was, verloor hier sy plek, en die gemeente word blootgestel aan enigeen wat kom en voorgee dat hy "in die Gees" spreek. Dit maak die profeet weer onaantasbaar.

In *Die Herder van Hermas* (Loeb, 1969), word duidelike onderskeid getref tussen die ware profeet aan die een kant wat *binne* die geïnstitueerde raamwerk van die gemeente werk en aan die ander kant die valse profeet wat *buite/en* aan die geïnstitueerde raamwerk en organisasie, heeltemal op sy eie werk (11.13).

Die gemeente word gewaarsku teen laasgenoemde bedieningspraktyk want twyfelaars in die laasgenoemde gemeente word deur hierdie reisende profeet mislei. Hierdie man wat van buite kom, ontneem die twyfelaar se geestelike onderskeidingsvermoë en hulle aanvaar die profeet sonder meer as 'n ware profeet.

Net soos by Die Didachè weerhou die feit dat die profeet aanspraak maak op die "Gees van bo", dat hulle hom volledig kan toets. Gevolglik lê hulle addisionele toetskriteria aan wat sy morele standaard meet (11.8) en sy plek in die gemeente aandui (11.9 13—15). Die Herder van Hermas beskou dit so dat 'n ware profeet alleen binne die gemeentelike samekoms kan werk, waar hy getoets kan word. Sy funksie is tot opbou van die gemeente en hy mag nie sy gawes vir private doeleindes aanwend nie — dan is hy vals!

## 7. SAMEVATTING OOR DIE REISENDE PREDIKER AS PROFEET SE WERKSAAMHEDE EN POSISIE IN DIE SAMELEWING VAN DIE OU TESTAMENT TOT EN MET DIE VROEG-CHRISTELIKE KERK

7.1 Sy roeping — Enigeen kan hom aanbied as 'n reisende profeet. Die gemeenskap kan geen rede aanvoer waarom so 'n aanspraak op sigself betwyfel moet word nie. Die onsekerheid oor so 'n reisende profeet laat egter twyfel by die gemeenskap.

7.2 Sy prediking — Kerugmaties met die gepaardgaande didaskaliese prediking. Hy bring geen nuwe openbaringe met soteriologiese inhoud, los van en bykomstig tot die basiese kerugma nie. Die bestaande evangelie word aktueel vertroostend en bemoedigend in die spesifieke plaaslike omstandighede toegepas. Voorspellinge oor toekomstige gebeure is nie meer deel van sy werksaamhede nie.

Die spesifieke doelwit van die prediking plaas die reisende profeet nie meer so prominent in die vroeg-Christelike samelewing nie.

7.3 Sy wondergenesings — In die Ou Testament was dit bevestiging van God se almag. By Jesus dien dit as 'n regstelling op die hoorders se onkunde en tot 'n duideliker begrip van sy boodskap. Met die vestiging van die kerk is dit nie meer deel van die reisende profeet se werksaamhede nie. Dit wil nie sê dat dit nie meer kan plaasvind nie, maar die beloftes van Goddelike ingrype en verlossing is reeds deur Jesus Christus vir elke gelowige bevestig.
*Sonder hierdie wondergenesings wat hoorders duideliker aanspreek as die Woord, is die reisende profeet in die vroeg-Christelike kerk nie meer die prominente leiersfiguur van ouds nie!*

7.4 Sy gemeenskap se verwagtinge — Vroeër was dit sterk volksnasionalistiese verwagtinge, maar in die vroeg-Christelike kerk word dit toegespits op die onvervalste toepassing van die reeds bestaande en bekende kerugmatiese en didaskaliese prediking van die oorspronklike reisende profete.

7.5 Die reisende profete verminder — Die vestiging van die vroeg-Christelike kerk se liturgiese en organisatoriese ontwikkeling onder leiding van die Heilige Gees en sy gawes, ontneem die reisende profeet van sy vroeëre prominente posisie in die godsdienstige samelewing.

7.6 Die reisende profeet verander van 'n bedreigde na 'n dreigende gevaar — Die laaste beeld van die vroeg Christelike kerk is 'n kerk wat besig bly met die toetsing van alle profete omdat elkeen 'n moontlike gevaar vir die gemeente van Jesus Christus kan inhou.

7.7 Die reisende profeet is nie bo kritiek en toetsing verhewe nie — Die toetsing van elke profeet en die onsekerheid oor 'n deurslaggewende toetskriterium in die vroeg-Christelike kerk, het ook op sy beurt die reisende profeet van sy eens gesagsvolle en prominente posisie in die samelewing ontneem. Hy word in die gemeente toegelaat met die voorbehoud dat hy vals bevind kan word.

# Bibliografie

Baltzer, K. 1968. Considerations regarding the office and calling for the prophet. **Harvard theological Review,** 61 : 567—581.

Blenkinsopp, J. 1984. A history of prophecy in Israel. From the settlement in the land to the Hellenistic Period. London: S.P.C.K.

Bonwetsch, G. N. 1884. Die Geschichte des Montanismus. s.l.: Deichert.

Brueggemann, W. 1983. The book of Jeremiah: Portrait of the prophet. **Interpretation,** 37 : 130—145.

Buss, M. J. 1980: The social psychology of prophecy. (In Emerton, J. A., red Prophecy. Festschrift Georg Fohrer. Berlin: de Gruyter.)

Buss, M. J. 1981. In anthropological perspective upon prophetic call narratives. **Semeia,** 19—22 : 9—30.

Gouws, P. L. 1980. Die uniekheid van die Ou Testamentiese profeet. Stellenbosch. Skripsie (Magister) — Stellenbosch.

Greil, A. L 1977. Previous dispositions and conversion to perspectives of social and religious movements. **Sociological Analysis,** 38(2) : 115—125.

Loeb classical library, 1912. The Loeb classical library. The apostolic fathers Vol. I. London: William Heinemann.

Loeb classical library 1969. Philostratus: The life of Apollonius of Tyana. Vol 1 + 2. London: William Heinemann.

Long, B. O. 1981. Social dimensions of prophetic Conflict. **Semeia,** 19—22 : 31—53.

Long, B. O. 1982. The social world of ancient Israel. **Interpretation,** 36 : 243—255.

Lückhoff, A. 1984a. Geloof-genesing net 'n geldmakery. **Rapport,** 14 : 47, kol. 1. Nov. 18

Lückhoff, A. 1984b. Geloof-genesing: "Pastore" soek só geld en mag. **Rapport,** 14 : 48, kol. 1. Nov. 25.

Maier, G. 1978. Das Ende der historisch-kritischen Methode. Theologische Verlag Rolf Brockhaus Wuppertal. Solingen: Herm Week

Oosthuizen, G. C. e.d. 1985. Religion, intergroup relations and social change in South Africa. Werk komitee: Religie. Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing. Pretoria: J. C. Instoprint:

Overholt, T. W. 1977. Jeremiah and the nature of the prophetic process. (In Merrill A. L. en Overholt, T. W., red(s). Scripture in history and Theology: Essays in honour of J. C. Rylaarsdam. Pittsburg: Pickwick. p. 129—150.)

Overholt, T. W. 1979. Commanding the Prophets: Amos and the problem of prophetic Authority. **The Catholic Biblical Quarterly,** 41 : 517—532.

Overholt, T. W. 1981. Prophecy: The problem of cross cultural comparison. **Semeia,** 19—22 : 55—78.

Overholt, T. W. 1982. Seeing is believing: The social setting of prophetic acts of power. **Journal of the study of the Old Testament,** 23 : 3—31.

Prinsloo, N. 1985a. Jesus die wonderwerker. Dl. 1. Silverton veldtog. Pretoria Christelike video bediening. (Videokaset nr. 486). Pretoria: Christelike Sentrum. Posbus 13772 Sinoville.

Prinsloo, N. 1985b. Jesus die wonderwerker. Dl. 2. Silverton veldtog. Pretoria Christelike video bediening (videokaset nr. 488). Pretoria: Christelike Sentrum.

Prinsloo, N. 1985c. Jesus die wonderwerker. Dl. 3. Silverton veldtog. Pretoria Christelike video bediening. (Videokaset nr. 490). Pretoria: Christelike Sentrum.

Selwyn, E. C. 1900. The Christian prophets and the prophetic apocalypse. London: Macmillan.

Smuts, M. (jr.), red. 1982. Kerkspieël: 'n Demografies-sosiologiese verslag van die landwye kerksensus van die Ned Geref Kerk Maart 1981 met teologiese kantaantekeninge. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel.

Stumpf, D. 1985. A committed christian doctor's view on healing. Ongepubliseer.

Theissen, G. 1975. Legitimation und Lebensunterhalt: Ein Beitrag zur Soziologie urchristlicher Missionare. **Novum Testamentum,** 21 : 192—221.

Theissen, G. 1977. Wir haben alles verlassen (Mk 10 : 28). Nachfolge und soziale Entwurzelung in der jüdischpalästinischen Gesellschaft des ersten Jahr hundreds n.Ch. **Novum Testamentum,** 19 : 161—196.

Theissen, G. 1978. Sociology of early Palestinian Christianity. Vertaal deur Bowden, J. Philadelphia: Fortress.

Theissen, G. 1979. Studien zur Soziologie des Urchristentums: Wissenschaftlich Untersuchungen zum Neuen Testament. Tübingen: J. C. B. Mohr.

Westermann, C. 1967. Basic forms of Prophetic speech. Philadelphia: Westermann.

Westhuizen, van der N. 1984a. Genesing. Dl. 1. Pretoria Genesingsveldtog. Pretoria Christelike video bediening (videokaset nr. 297). Pretoria: Christelike Sentrum Posbus 13772. Sinoville.

Westhuizen, van der N. 1984b. Genesing. Dl. 2. Pretoria Genesingsveldtog. Pretoria Christelike video bediening (videokaset nr. 99). Pretoria: Christelike Sentrum.

Westhuizen, van der N. 1984c Drie Voorskrifte. Klerksdorp Veldtog. Pretoria Christelike video bediening (videokaset nr. 438). Pretoria: Christelike Sentrum.

Williams, R. B. 1979. Reflections on the transmission of tradition in the early Church. **Encounter,** 40 : 273—285.